NG Kerk | Moderamen
Vrystaat

17 September 2019

PERSVERKLARING

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat het op 11 September 2019 vergader en reik die volgende persverklaring uit:

1. In die lig van die geweld teen vroue en kinders, roep die Moderamen ‘n week van Gebed en verootmoediging uit in die laaste week van Oktober 2019, met die klem hiervan op Woensdag 30 Oktober 2019 (Hervormingsdag), waarin gemeentes en geloofsgemeenskappe versoek word om op dié betrokke dag, bidure te reël om aktief voorbidding en verootmoediging te doen vir die golf van geweld in ons land.

2. Die Moderamen spreek haar ten sterkste uit teen alle vorme van geweld teen vroue en kinders wat insluit,
   - Fisiese geweld
   - Ekonomiese geweld
   - Strukturele geweld
   - Emosionele geweld en,
   - Verbale geweld

Die Moderamen versoek dat gemeentes en geloofsgemeenskappe hulle lidmate daarin sal lei om hierdie vorme van geweld teen te staan, daaroor te praat en die nodige ondersteuning aan die slagoffers van geweld te verleen.

3. Die Moderamen het besluit om die ***Thursday in Black***-beweging aktief te ondersteun en doen ‘n beroep op gemeentes en geloofsgemeenskappe om elke Donderdag swart te dra in solidariteit met slagoffers van geweld.

4. Die Moderamen doen ‘n beroep op alle mans om vrouens met respek en agting te behandel en op te staan teen enige vorm van geweld teen vroue en kinders, om sodoende veilige ruimtes te skep.

Vriendelike groete in Christus.

Dr Carin van Schalkwyk
SKRIBA